

DR. C. A. VAN PEURSEN, *Wegwijs in de Wijsbegeerte. Een aansporing tot zelf filosoferen.* H. J. Paris, Amsterdam, 1956. 150 pp.

Ons kan hierdie boek feitlik 'n inleiding op die inleiding tot die wysbegeerte noem. Dit is geen inleiding in die gewone sin, waarin vir ons die verskillende vakgebiede en terminologie van die wysbegeerte uiteengesit word nie. Dit is 'n goed-geslaagde poging om aan te toon hoe elke mens wesenlik filosoof is, maar ook omgekeerd, dat in elke filosofie—hoe abstrak dit ook al mag lyk—die mens mee betrokke is; of, soos die skrywer dit uitdruk, dat mens en filosofie solidêr is. Op hierdie interessante manier word die geskiedenis van die wysbegeerte aangestip, asook die verskillende elemente wat betrokke is en vereis word in die filosofering. Verder: van die mens kan nie gepraat word sonder om sy kultuur te berde te bring nie. Daarom word ook genoeg aandag aan die kultuurfilosofie gewy.

Elkeen kan met vrug hierdie boek bestudeer. Ons eerstejaarstudente moet die gewone inleiding in die wysbegeerte bemagtig. Maar ek wens dat elkeen van my studente hierdie werk deeglik kon bestudeer!

DR. P. S. DREYER.

PROF. DR. J. J. DUYVENÉ DE WIT, *Die Paleontologie as „openbarende” Wetenskap.* J. H. KOK N.V., Kampen 1957. 26 pp. Prys f.1.75.

Die skrywer is professor in dierkunde en loods in hierdie brosjure 'n skerp aanval op die evolusionisme, waarmee hy in sy vak uiteraard baie te doen kry. Wat hy veral in die oog het, is die evolusionisme wat nie 'n wetenskaplike werkhipotese is nie, maar daarvandaan ontwikkel het tot 'n filosofie of selfs 'n pseudo-godsdiens. Die werkie dra daarom ook nie die karakter van 'n werk oor die biologie nie, maar eerder 'n filosofiese karakter, hoewel dit gaan oor die filosofie wat die agtergrondmusiek van die moderne biologie vorm. Gesien vanuit die standpunt van die filosoof en teoloog, kan ons ons alleen vereenselwig met die werk van die skrywer. Of sy kollegas in die dierkunde met hom sal saamstem ten opsigte van die basiese biologiese begrippe wat hy aanwend, kan ons

nie beoordeel nie. Ons kan die boekie egter aanbeveel vir elke predikant, wat dikwels met die probleem van evolusionisme in die redenasies van lidmate te kampe het. Net jammer dat die skrywer nie gewone wetenskaplike taal gebruik nie. Die spesiale terminologie wat die wysbegeerte van die wetsidee gemaak het en deur die aanhangers van die „christelike wetenskap” gebruik word, maak ’n werkjie soos hierdie amper onleesbaar vir iemand wat nie spesiaal op hoogte gekom het met die bepaalde terminologie nie.

DR. P. S. DREYER.

DR. G. BRILLENBURG WURTH, *Ethiek en Geestelike Volksgesondheid*. J. H. KOK N.V., Kampen, 1957. 83 pp.

Die skrywer stel dit uitdruklik dat hy hier hoofsaaklik poog om die probleme wat op hierdie gebied lê, te voorskyn te laat tree. Daarin slaag hy goed. Hy toon op sy besonder bekwame wyse dat sedert die beweging vir geestelike volksgesondheid in 1900 in Amerika gestig is, die taak en probleme al wyer gesien is. Geestelike volksgesondheid betref nie net die versorging van geestelike of psigiese afwykendes nie; ook nie net die nasorg van die wat genees is nie; maar dit betref miskien eerder die voorsorg. En besinning asook ondervinding oor die voorsorg betrek uiteindelik die hele gemeenskap en kultuur waarbinne die mens lewe. In alle voorsorg en nasorg, asook in die pogings tot genesing, is dit in ons gemeenskap van uiterste belang dat aan die pasiënt rigting gegee word, etiese norme en waardes waarvolgens hy sy lewe kan inrig. Hier word die saak vir die kerk en teologie van belang, omdat die kerk ’n wesenlike taak het om op grond van die Skrif die norme en rigting te gee. Die skrywer verwyt die kerk en teologie dat daar aan hierdie saak nog feitlik geen aandag gegee is nie. — Ons het hier met ’n prikkelende en baie interessant boek te doen. Die skrywer is baie bekwaam en ’n uitstaande kenner van sy gebied (psigiatrie en psigologie). Die boekie slaag daarin om ’n tendens wat in die moderne psigologie steeds meer op die voorgrond kom, nl. om by kulturele, etiese en godsdienstige waardes aan te sluit in die genesing van siekes, helder en pertinent onder ons aandag te bring. Ons beveel die boekie baie sterk aan.

DR. P. S. DREYER.

PROF. DR. J. H. BAVINCK E.A., *De Mens in de Wetenskap*. In opdracht van de Vrije Universiteit uitgegeven door J. H. KOK N.V., Kampen 1956. 123 pp.

Ons het hier ’n versameling van vyf interfakultêre voordragte wat gedurende 1954 aan die Vrije Universiteit gehou is. Dit sluit in: Prof. Dr. J. H. Bavinck, *De Mens in de Theologie*; Prof. Mr. I. A. Diepenhorst, *De Mens in het Recht*; Prof. Dr. J. Lever, *De Mens in de Biologie*; Prof. Dr. G. A. Lindeboom, *De Mens in de Geneeskunde*; en Prof. Dr. S. U. Zuidema, *De Mens in de Wijsbegeerte*. Die doel van die voordragte en die uitgawe daarvan word voorin soos volg gestel: . . . de studenten enig denkbeeld te geven van de werkwijze en problemen van andere

dan hun eigen faculteiten. Daarnevens beogen zij het inzicht te verdiepen in de betekenis van de beginselen der Vrije Universiteit voor de verschillende vakwetenschappen." Dat so'n versameling uiters interessant en leersaam is, ly geen twyfel nie en daarom wil ons dit sterk aanbeveel. Die skrywers is ook almal baie bekwame manne op hulle verskeie terreine. Die boek is ook interessant as kennismaking met die sg. „christelike wetenskap." Gebrek aan ruimte verhoed ons om elkeen van die bydraes afsonderlik te bespreek.

DR. P. S. DREYER.

PROF. MR. SJ. GERBRANDY E.A., *Aspekte van de Dood in de Wetenschappen.*

In opdraght van de Vrije Universiteit uitgegeven door J. H. KOK N.V., Kampen 1956. 103 pp.

'n Soortgelyke werk as *De Mens in de Wetenschap* wat ons hierbo bespreek het. Hierdie voordragte is met dieselfde doelstelling in 1956 gehou en omvat die volgende: Prof. Mr. Sj. Gerbrandy, *Aspekte van de Dood in het Recht*; Prof. G. Goudswaard, *De Sterfte in haar Samenhang met ekonomiese Verschynselen*; Prof. Dr. A. W. J. H. Hoitink, *Aspekte van de Dood in de Geneeskunde*; Prof. Dr. L. W. Kuilman, *Aspekte van de Dood in de Biologie*; Prof. Dr. G. J. de Vries, *Aspekte van de Dood in de Literatuur.*—Die boekie word aanbeveel.

DR. P. S. DREYER.

J. M. SPIER, *Filosofie van de Onbekende God. Een kritische Schets van het Denken van Karl Jaspers.* J. H. KOK N.V., Kampen 1956. 179 pp.

Persoonlik hou ek nie van die werke van Spier nie; daarin is vir my 'n benouende en irriterende engheid. Dit is nie omdat Spier die filosofie vanuit die teologie, of selfs vanuit 'n bepaalde teologie benader nie; dieselfde gevoel kry ek b.v. nie wanneer ek Karl Barth se kritiek op Jaspers lees nie; maar dit is waarskynlik te wyte aan die engheid van sy teologie. Ten spyte daarvan is die boek onder bespreking die een van Spier se werke waarvan ek die meeste hou. Hy gee 'n goeie oorsig oor die standpunt van Jaspers en neem hier en daar ook kennis van wat ander as Neo-Calvinistiese kritici van Jaspers sê. Naas kritiek toon hy ook 'n mate van waardering vir Jaspers. In sy kritiek stel hy dit dat die filosofie van Jaspers getipeer kan word as 'n irrasionalisme, existensialisme, dualisme, individualisme, humanisme en subjektivisme; verder word dit gekenmerk deur die motief van die verborge, passiewe godheid. Hy noem die werk van Jaspers pseudo-Christendom, apostatiese religie, wysgerige konfessie. „Want die filosofie is weg der verlossing, pseudo-middelaar; de chiffrén zijn pseudo-openbaring van de godheid, die zich onbetuigd laat in zijn onveranderlijk en liefdeloos Zijn, terwijl Christus de mythe is van onze ingeboren menselijke adel." (176). — Wat vir my die belangrikste van Spier se werk is, is dat dit 'n baie groot vraagteken stel agter die Christelike karakter wat so baie mense in die werk van Jaspers meen te sien. Ek beveel die boek aan.

DR. P. S. DREYER.

DR. H. HENRY MEETER, *Het Calvinisme. Zijn Theologische en Staatkundige Grondgedachten*, J. H. KOK N.V., Kampen 1957. 173 pp.

Hierdie is 'n werk van Amerikaans-Gereformeerde kant. Die skrywer is hoogleraar aan die „Calvin College”, Grand Rapids (Michigan). Die werk probeer 'n kort samevatting gee van die grondgedagtes van Calvinisme. Aangesien die groot klem val op die Calvinisme as 'n omvattende sisteem, maar ook as wêreldbeskouing en lewensopvatting, word 'n groot aantal onderwerpe en gebiede betrek. Die belangrikste van hierdie gebiede is egter die staatkunde en politiek, wat ongeveer die helfte van die boek beslaan. Dit is 'n baie interessante boek, omdat so'n wye veld gedek word en as't ware in 't klein onder ons aandag gebring word, waardeur probleme wat 'n mens soms geneig is om te vergeet, weer na vore kom. Juis om hierdie rede kan ons egter nie werklik diepgaande uiteensettinge verwag nie. Die grootste beswaar is egter dat dit die Calvinisme te veel sien as 'n strak sisteem en wêreldbeskouing. Vir my is die Calvinisme baie meer as dit.

DR. P. S. DREYER.

DR. J. C. GILHUIS, *Gezicht op de Zending. Zendingsvraagstukken in kort bestek*, J. H. KOK N.V., Kampen 1957. 138 pp.

Dit is nie te verwagte dat in 'n boek van hierdie omvang en wat so'n wye veld probeer dek, ons baie oorspronklike werk sal vind nie. Ek glo ook nie dit was die doel van die skrywer nie. Hy wil vir ons 'n oorsig van sendingsprobleme gee en volg daarin hoofsaaklik J. H. Bavinck na, wat op sy beurt weer grootliks deur Hendrik Kraemer beïnvloed is.

Die werkie bestaan uit vyf hoofstukke: I. gee ons 'n oorsig oor die sendingsopdrag en sendingbewussyn van die O.T., N.T. en die eerste Christelike gemeentes en beklemtoon die taak om gedurig die Skrif te bestudeer om tot meerdere klarheid oor die sendingstaak te kom; II. is 'n oorsig oor die geskiedenis van sending van die vroegste tot die hedendaagse tyd, met aantoning van die swakhede, probleme en dwaalweë van die sending in verskillende tye en onder verskillende omstandighede; III. behandel die ontmoeting van die Evangelie met verskillende godsdienste, in hoofsaak die Islam en die Oosterse; die probleme wat hieruit en uit die nasionale ontwaking van die Oosterse lande, asook uit die verwestersing van hierdie volke, spruit. IV. bespreek vier verskillende metodes van sending; ook die rol van lektuur-, onderwys-, hospitaal — en ander dienste; V. bespreek hoofsaaklik die probleem van die verhouding van moeder- en dogterkerke.

Hierdie boek beveel ek ten sterkste aan vir elkeen wat in die sending geïnteresseer is. Eintlik behoort elkeen in die kerk van so'n boek kennis te neem.

DR. P. S. DREYER.

DR. W. SIKKEN, *Het Wonder*, J. H. KOK N.V., Kampen, 1957. 130 pp.

Die skrywer is predikant van die Ned. Hervormde Gemeente te Groningen en het 'n belangrike aandeel in die werk onder buitekerklikes. Hierdie boek noem nêrens die buitekerklikes nie—ten minste nie in die sin dat daar direk tot hulle gepraat word om hulle om te praat nie—maar is steeds tot hulle gerig, egter altyd indirek, op so'n wyse dat hulle eerder meegeneem word in die gesprek as dat daar tot hulle gesprek word. Myns insiens is dit 'n baie goeie en effektiewe metode.

Die skrywer betoog in hierdie boek: „Al wat bestaan is wonder, buiten het wonder bestaan niets” (6). Lig, die hemelliggame, die menslike hersens en denke, water, ruspes, die reukvermoë—alles is wonder. Steeds polemiseer hy teen die definisie van wonder as die buitengewone of die teen-natuurlike en steeds hekel hy die mens wat alles gewoon vind. Hieragter sit 'n bepaalde doel: Wanneer ons die wonder in alle dinge kan sien, is dit nie meer onmoontlik om ook oor God te kan praat nie. Die laaste twee hoofstukke gaan dan ook oor God en die wonder en die Bybel. Maar ook hier is Sikken nie met teoloë of kerkmense besig nie, maar steeds met die buitekerklikes en hou hy sy styl vol.

Dit is 'n prikkelende boek. Die situasie is by ons anders as in Nederland, so ook die mense waarmee ons te doen kry in ons werk onder die buitekerklikes. Hierdie boek is egter ook vir ons belangrik en vir die een wat 'n studie daarvaan gaan maak, sal dit 'n openbaring wees ten opsigte van die tegniek van die benadering van die buitekerklike. In hierdie opsig kan elke predikant daarvan 'n studie maak.

DR. P. S. DREYER.

PETER WALSER, *Die Prædestination bei Heinrich Bullinger*, in die reeks: Studien zur Dogmengeschichte und systematische Theologie hrsg. von Proff. Blanke, Rich v. O. Weber, II, Zwingli-Verlag, Zürich, 1957, 288 S., DM. 16.

Hier vind ons 'n uitmuntende en samevattende geskif oor die predestinasieleer van Heinrich Bullinger, één van die reformatoriese teoloë wat o.a. deur sy *Huysboek* nogal invloed op die nederlandsse teologie en daarom ook op ons teologiese denke gehad het. Hierdie geskif kan daarom alléén al met dankbaarheid in ontvangs geneem word.

By die behandeling van Bullinger se predestinasieleer word die aandag in die besonder gevestig op die verhouding tussen Bullinger en Calvyn op hierdie punt en die briefwisseling van Calvyn met Bullinger in die jare 1552–1555 laat duidelik lig val op die uitmekaargaan van die weë. Bullinger wil en kan ook nie Calvyn volg in lg. se opvattinge nie en is bevrees dat Calvyn se logika te vër gaan. Bullinger wil liever die predestinasie as misterie, in God's hand laat. Walser wys ook daarop dat Bullinger self egter nog nie die hele predestinasieleer afgerond het nie en dat Jesaja 6:9 vir hom nog probleme bly behou het. Walser se eie interpretasie van die knooppunte kan egter ook nie bevredigend genoem word nie.

Tog wil ons hierdie werk van harte aanbeveel as 'n deeglike stuk werk wat die teologiese denke van die reformator Bullinger onder die aandag bring.

A. D. PONT.

H. A. OBERMAN, *Archbishop Thomas Bradwardine. A Fourteenth Century Augustinian. A study of his theology in its historical context*, Kemink en Zoon N.V. Utrecht 1957, 246 pp., prys in Nederland fl.10.-.

Die nederlandsse teoloog H. A. Oberman bied hiermee 'n studie van die teologie van aartsbiskop Thomas Bradwardine † 1349 aan. Waarskynlik om sy werk ook vir die engelsprekende teoloë toeganklik te maak, het Oberman hierdie studie in die engelse taal gepubliseer. Dit is wel dadelik merkbaar dat Oberman engels nie volkome beheers nie en dit doen wel enigsinds af aan die waarde van die studie—sowel die lesenswaardigheid as die helderheid word daardeur belemmer.

Hierdie uitgebreide werkstuk wat as dissertasie voor die Utrechtse Teologiese Fakulteit gedien het, moet egter as 'n goeie stuk navorsing aangemerkt word waarby deeglik van die beskikbare bronne gebruik gemaak word terwyl die kontemporêre teologie ook goed belig word.

Dit is 'n interessante werkstuk veral t.o.v. die regverdigingsleer soos deur Bradwardine uiteengesit en daar is ook geen sprake daarvan dat 'n soort voor-reformatoriese regverdigingsleer deur Bradwardine geformuleer is nie. Oberman se argumentasie in hierdie verband sal dergelyke illusies wel illusies laat bly. Graag wil ek hierdie werk aanbeveel.

A. D. PONT.

W. F. GOLTERMAN, *Eén Heer één Kerk*, G. F. Callenbach, Nijkerk 1956. 218 bls.

Hierdie werk wat van besondere belang is vir almal wat in die ekumeniese beweging belangstel, is deur die sekretaris van die *Oecumenische Raad* van Kerken in Nederland geskrywe. Dit is 'n helder beskrywing van die geskiedenis van hierdie beweging vanaf 1948 en dit dui ook die probleme wat ondervind word, aan.

Die werk het 'n historiese gedeelte en dan bevat dit hoofstukke oor die wese van die kerk en oor die oorsake van verskeidenheid en geskeidenheid. Die skrywer trag inderdaad om so objektief moontlik al die verskillende standpunte weer te gee. Tenslotte handel hy dan oor die „wegan tot eenheid”.

Hoewel die werk verskillende bevreedende opmerkings en gedagtes bevat—so byvoorbeeld die uitleg op bls. 10 van die begrip *oikoumene*, en Dr. G. se interpretasie van die begrip volkskerk, is dit tog uiters lesenswaardig en wil ek dit graag aanbeveel.

A. D. PONT.

C. H. SPURGEON, *Pastorale adviezen* (lesings vir sy studente), vertaal deur ds. W. de Graaf, J. H. Kok N.V., Kampen, 1957, 261 bls., prys in Nederland fl. 8.50.

Hierdie pastorale raadgewinge het Spurgeon †1892, die beroemde Baptiste predikant, indertyd aan sy studente gegee. In die vertaling van ds. de Graaf word die oorspronklik-engelse werk nou vir die nederlandsse leserspubliek toeganklik gemaak. Die vraag mag inderdaad gestel word of die raadgewinge van Spurgeon nie 'n bietjie ouderwets is vir ons moderne mense nie. Dit blyk by die lees van die werk tog nie so te wees nie. Die situasie het miskien verander, maar die opdrag en die taak van die moderne predikant het in wese tog nie so veel verander nie. Daarom kan ons predikante van vandag nog hulle voordeel doen deur Spurgeon se adviese te oordink.

Dit gaan hier oor die roeping tot die amp van predikant, die keuse van die teks vir die Sondagse preek, die voordrag van die preek, die daaglikse omgang van die predikant, die boekrak van die predikant en dergelike meer.

Die adviese van Spurgeon verrai vir ons 'n man wat tyd gegee het en tyd gehad het vir meditasie en persoonlike gebed en dit is soms van die dinge wat in ons gejaagde pastorale praktyk van vandag 'n bietjie te maklik agterweë gelaat word.

Ek wil die hoop uitspreek dat hierdie boek sy weg sal vind na die studeerkamers van baie predikante en studente want vir hulle is hierdie boek bedoel.

A. D. PONT.

Ds. E. TH. VAN DEN BORN e.a., *De Verborgenheid der Godzaligheid* (*Advent Kerst, Pasen, Pinksteren*), J. H. Kok, N.V., Kampen, 1957.

Onder die titel: „De Verborgenheid der Godzaligheid”, met as ondertitel: „De Hoogtijden van het Kerkelijk Jaar”, het daar in Nederland die volgende deeltjies verskyn: *Advent* (88 bls.), *Kerst* (88 bls.), *Pasen* (79 bls.) en *Pinksteren* (93 bls.). Al vier deeltjies is netjies versorg en het in Nederland reeds 'n tweede druk belewe, wat, gesien die Skrifgetroue inhoud, die boeiende styl en keurige taalgebruik, geen bevreemding wek nie. Elkeen van die vier deeltjies is deur dieselfde skrywers bewerk, nl. ds. E. Th. van den Born, prof. B. Holwerda, prof. C. Veenhof en dr. M. B. van 't Veer. Wat die leser dadelik opval, is die klaarblyklike feit dat die skrywers baie diep uit die rykdom van die heilige Skrif geput het en dat hulle begenadig is om ongekende skatte daaruit te voorskyn te haal. Elke hoofstuk kan inderdaad 'n juweel genoem word, want dis die skrywers gegun om bo gemeenplase uit te styg en vir die leser verrassende perspektiewe te open, wat hom telkens weer onder die magtige indruk bring van die feit dat ons in die Bybel 'n skat besit wat onberekenbaar is. Aan die hand van die Skrif lei die skrywers ons van Advent tot Pinkster.

Die heel eerste hoofstuk in die eerste bundel (Advent, bls. 5v.v.) handel oor Eva wat as „Adventsgestalte” geteken en verstaan moet word. Dan word die twee „adventskinders” Abraham en Sara bespreek; vervolgens die plek wat Jakob in die adventsgeskiedenis inneem; daarna word die wegbereider van Christus belig; en eindelik word die adventsboodskap van die ex-tollenaar verklaar. Dwarsdeur word daar ’n verrassende lig op die bekende Skrifgegewens gewerp en die leser ontwaar dieptes van rykdom waar hy nie bewus van was nie.

Die tweede deeltjie (Kerst) bespreek Josef in twee hoofstukke, waarna die kerslied van die engele aan die beurt kom; vervolgens Christus, „gebore onder die wet”; en ten besluite die „opening van het Kerst-offensief”. Ook hierdie deeltjie getuig van ’n diep insig in die heilsopenbaring.

Die hoofstukke van die derde deeltjie (Pasen) gaan agtereenvolgens oor die afgebroke drade wat weer herstel is; Christus, die Opgestane, en die verharde res van Israel; Maria wat nog nie die volle betekenis van die opstanding verstaan nie; die amptelike bewysvoering van die opstanding van Christus; en ten slotte die openbaring aan die see van Tibèrias. In hierdie deeltjie word die geweldige paasfeit in sy verskillende aspekte op so ’n wyse bespreek dat daar keer op keer vir die leser weer nuwe lig opgaan en nuwe gesigspunte geopen word.

In die laaste deeltjie (Pinksteren) word agtereenvolgens behandel die tekens van die Pinkster-Gees; gerig en genade van die Pinksterbedeling; Pinksterfees-Christusfees; Pinksterkerk en Pinkstergees; en laastens Christus die Kerkbouer. Ook hierdie bundel wat ’n harmoniese geheel vorm, staan op ’n eminente vlak. Ek wil graag opsetlike die aandag op die hoofstuk: „Pinksterfees-Christusfees” vestig, waarin die essensie van die pinksterwonder glashelder voor oë gestel word. In ons land word onder Anglo-Amerikaanse invloed die Pinksterfees veelal van die persoon van Christus losgemaak, terwyl alle aandag op die H. Gees toegespits word, wat aanleiding gee tot ’n onskriftuurlike voorstelling van die uitstorting van die H. Gees en ’n miskennening inhou van die heilswerk van Christus, terwyl dit intussen ook ’n vrugbare bodem skep vir sektariese afwykinge. Hier word nou vir ons aan die hand van die gegewens van die Bybel op prinsipiële en oortuigende wyse aangetoon dat die pinksterdag ten volle die „dag van Christus” is waarop Hy „in en door de Geest aan de *laatste phase* van zijn één en ondeelbaar werk” begin. Die kern van die eintlike pinksterfeit is dan ook dat Christus in en met die Gees weer na die aarde toe gekom het om verder te werk tot die einde bereik is, wat ook duidelik uit die pinksterpreek van Petrus blyk; hy maak, merkwaardig genoeg, van die feit van die uitstorting van die H. Gees net terloops melding, die volle nadruk val op Christus en die verkondiging van Christus wat gely, gesterwe het en opgestaan is. Die groot verdienste van hierdie bundel is dat dit die pinkstergebeure vir ons in die regte, Skrifverankerde perspektief stel.

Ek wil van harte vertrou dat hierdie waardevolle boekies 'n baie wye verspreiding in ons land te beurt mag val. Die taal is sodanig dat die gewone (Afrikaanse) leser dit sonder moeite volg.

D. F. ERASMUS, Snr.

DR. H. KAKES, *De Doop in de Nederlandse Belijdenisgeschriften*, J. H. Kok N.V., Kampen 1953. (174 blz.).

In die „*Inleiding*” merk KAKES op: „Meer dan vroeger werd over de doop geschreven. Ook stond deze weer op de agenda van meer dan een kerkelijke vergadering,” bv. in die Anglikaanse Kerk, in die Eglise Réf. van Frankryk, in die Geref. Kerke in Nederland (vgl. bv. die skeuring in 1944) en in die hedendaagse teologiese diskussie n.a.v. die opvattinge van Karl Barth oor die kinderdoop en die nuwe besinning oor die kerklike liturgie.

Die skrywer wil temidde van hierdie beroering waarin daar dikwels felle woorde gespreek is en waaruit daar verskillende boeke van eksegetiese, dogmatiese en liturgiese aard ontstaan het, 'n bydrae lewer deur rustig te gaan luister na die inhoud van die kerklike belydenis oor die Doop in die „Drie Formuliere van Enigheid”. Maar die noukeurige navorsing van die inhoud van die kerklike belydenis van die 16de eeu, bring ons noodwendig in die teologiese denkwêreld en geestelike klimaat van die wêreld van die Kerkhervorming. Wie goed wil luister en reg wil verstaan, sal hierdie ontstaansagtergrond as verstaansagtergrond noukeuring in rekening moet bring. Daarom maak KAKES dan ook in sy verklaring van die doop, bv. in die Heidelbergse Kategismus, ruim gebruik van die geskrifte van Ursinus, veral van Ursinus se eie verklaring van die Heid. Kat., terwyl „bizzondere aandacht gegee is aan een aantal catechismi, die bij de samestelling van de Heidelbergse Catechismus ook min of meer werden gebruikt” . . . Tenslotte zijn ook andere belijdenisgeschriften gebruik om te zien hoe in de 16e eeuw over sacrament en doop in de kerken gedacht werd.” So is dan ook van Lutherse simbole gebruik gemaak, terwyl die konfessionele uitsprake van die roomse kerk gebruik is om die spesifiek-protestantse kerklike belyde daarteen duideliker af te teken.

In sy behandeling van die stof, werk die skrywer dan ook die probleem op hierdie wyse uit. Baie oriënterend is sy kort en tog saaklike inleidings tot die verskillende formuliere. En alhoewel die skrywer nie wat gesigspunt en uitleg (bv. sy beskouing oor belydenis in die „*Inleiding*”) algemene instemming sal vind nie, is hierdie werk tog baie insiggewend en kan dit, wat hierdie spesifieke aspek van die diskussie rondom die doop betref, met groot vrug gelees en geraadpleeg word.

B. J. ENGELBRECHT.

B. W. GANZEVOORT, *Inleiding in de Theologie*, J. H. Kok N.V., Kampen, 1955 (152 blz.).

In Nederlands bestaan daar verskillende „Ensiklopedië van die Teologie” waarvan dié van A. Kuyper, G. van der Leeuw, L. J. van Holk, H. van Oyen e.a. en J. Severijn seker die bekendstes is. Die *Inleiding* van GANZEVOORT vorm hierby ’n welkome toevoeging in die sin dat dit ’n inleiding in die ware sin van die woord is: eenvoudig, helder en duidelik geskryf. Ek glo dat hierdie werk nie net sal kan dien as oriënterende inleiding vir teologiese studente aan die begin van hulle kursus nie, maar dat dit ook goeie diens kan doen vir nie-teoloë met kerklike en teologiese belangstelling.

Die skrywe van ’n „Ensiklopedie” bied verskillende probleme. Eerstens moet besluit word of ’n formele of materiële ensiklopedie geskryf gaan word. Die werk van GANZEVOORT is ’n formele ensiklopedie alhoewel die materiële aspek in die derde gedeelte oor „De Verskillende Theologiese Wetenskappen” tog sterk deurskemer.

Tweedens is die probleem dat ’n egte inleiding moeilik te gee is aan diegene wat nog nie deeglik met die Teologie kennis gemaak het nie, aangesien die probleme en begrippe vir hulle vreemd sal wees; diegene wat die teologiese wetenskap egter ken, het ’n sodanige inleiding eintlik nie meer nodig nie. Hierdie probleem het van der Leeuw laat besluit dat Ensiklopedie „niet als propaedeuse tot de Theologie” te beoefen is nie, maar in die laaste studiejaar dien as ’n wetenskaplike „methodologiese synthese van de Theologie.”

GANZEVOORT kies egter vir die „propaedeuse tot de Theologie” (Vgl. bls. 108). Op die eenvoudige en heldere wyse waarop GANZEVOORT egter die probleme aansny, dink ek tog dat dit aan diegene wat wel iets van die teologie af weet, maar nog nie sistematies oor die inleidingsprobleme nagedink het nie, veel kan beteken.

In hierdie sin wil ons dan ook hierdie werk aanbeveel.

Uit bostaande is dit egter duidelik dat vir ’n diepgaande wetenskaplike besinning wel verder gesoek moet word. Ek noem hier alleen één van die dikwels te ver vereenvoudigde stelling van sake bv. bls. 18 waar daar oor die wetenskaplikheid van die teologie gepraat word. Daar word wetenskap gedefiniër „als die geestelike aktiviteit van den mens, waardoor hij een systematische kennis zoekt te verkrijgen aangaande het bestaan en wesen, den oorsprong en de bestemming van al wat is. Men kan ook zeggen: aangaande het *dat* en het *hoe*, het *waarom* en het *waartoe* van al wat bestaat.”

Dan hoort ook de theologie bij de wetenschap.

Want dat God bestaat, staat voor ons onomstotelijk vast. Ja, terwijl alles, wat niet-God is, in zijn bestaan geheel van God afhankelijk is, is God de Zijnde in absoluten zin . . .”

Hieruit is dit duidelik dat hier al te maklik vanaf die syn van die dinge (natuur), oorgegaan word na die bestaan van God, wat *geloofs*-kennis is. In 'n werk van groter omvang sou juis op hierdie probleem dieper ingegaan word. Maar aan die gestelde doel beantwoord die boek van GANZEVOORT uitstekend.

B. J. ENGELBRECHT.

PROF. DR. J. LINDEBOOM, *Wat en Hoe?* Van Gorcum, Assen 1956 (23 blz.).

Die sub-titel van hierdie werkie is: „Kleine wenke voor productief-wetenskaplike arbeid.”

Diegene wat die werke van wyle Prof. Lindeboom ken, sal weet dat sy boeke wat keurige en noukeurige versorging betref, 'n toonbeeld van deeglikheid is. Dikwels het ek, wanneer 'n student my gevra het, wat die regte wyse van dokumentasie is, hom na 'n boek van Prof. Lindeboom verwys waar hy kon sien hoe dit eintlik gedoen moet word.

In bostaande werk het Prof. Lindeboom „de wetten van wetenskaplike vormgewing” waarop hy so noukerig gedurende 50 jaar van „wetenskaplike arbeid op historisch-teologies gebied,” gelet het, sistematies uiteengesit. Na 'n algemene probleemstelling praat hy agtereenvolgens van: De aanpak van een onderwerp. Het schrijven. Vorm en Stijl. De documentatie. Taal en uitdrukkingswijze. Het drukken.

Prof. Lindeboom wys daarop dat taalgebruik en die sorg vir noukeurige en deeglike wetenskaplike vormgewing van enige werkstuk, in nouste verband staan „met de heldere voorstelling en deugdelijke door-denkning van de stof.” Goeie dokumentasie is 'n „zaak van verantwoordelijkheid, van nauwkeurigheid en van fatsoen.” Hy wil hê dat ons in ons wetenskaplike werk „de tucht der kritiek” veral „der zelfkritiek” moet beoefen. Hy waarsku teen sisteemloosheid, „slordigheden en dilet-tantismen,” teen die neiging „de ene fraaiheid boven de andere gestapeld totdat het geheel één rammelende klinkklank wordt,” teen die vlotte en dikwels gedagtelose gebruik van niksseggende modewoorde en „misplaatste gewigtigheid” ens.

Hy wys daarop: „En zij, die geen kunstenaars kunnen zijn in hun wetenschappelijke productie, mogen zich troosten met de gedachte, dat een naar vorm en inhoud, compositie en verzorging bevredigend stuk werk zijn eigen schoonheid heeft.”

Dit sal daarom goed wees as elkeen van ons hierdie boekie vol leer-same wenke sal lees. Ek glo dat dit veral 'n onmisbare boekie is vir studente; veral vir doktoraal-studente moet dit as't ware die eerste voorgeskrewe boek wees.

B. J. ENGELBRECHT.

PROF. DR. G. VAN DER LEEUW, *Dogmatische Brieven*, H. J. Paris, Amsterdam. Tweede Druk 1955.

„Dogmatishie Brieven” is, uiterlik gesien, 'n uitleg die *Apostolicum*.

Die merkwaardigheid en besonderheid van hierdie uitleg lê egter in drie dinge, nl. die besondere *vorm* (briewe aan 'n vriend) in die vlot,

prikkelende styl én in die besondere wyse waarop VAN DER LEEUW die inhoud van hierdie eerbiedwaardige simbool vir die moderne mens tot spreke bring.

Wat die vorm betref sê die skrywer self dat hy die briefvorm gekies het „om volkamen vrij te zijn in uitdrukkingswijze en zo persoonlijk mogelijk.” (Blz. 9.) Die briewe „zijn eigenlijk niet anders dan de beschrijving van eigen weg zoals de vriend die geeft aan de vriend. Zij zijn eigenlijk niet anders dan een stukje belijdenis.” (Blz. ii.) VAN DER LEEUW sê dat dit dikwels beter is om jou aan 'n vriend te rig as aan die leserspubliek in die algemeen of tot jouself. „In alleenspraak of toespraak kan men zich laten gaan, zich dronken drinken aan de eigen woordenwijn en zich kranig voelen . . . Tot een vriend, die men vóór zich ziet, kan men dat niet volhouden. Daarom vind ik het prettig over dogmatische dingen tot u te spreken.” (Blz. 32.)

Die styl van VAN DER LEEUW besit 'n byna „bedrieglike” vlotheid. Hierdeur kan 'n mens maklik oor die diepte van sy gedagtegang en gedagtefitse heen lees, sonder om dit te merk. Omdat die gewone en die grootste in sy gedagtestruktuur so nou met mekaar verwant is, kan hy dikwels die dinge van allergrootse belang in die mees-doodgewone woorde beskryf en omgekeerd. Die verleiding is groot om die pragtige beelde van VAN DER LEEUW uitvoerig te siteer bv. waar hy die ou simbole vergelyke met „een oude stadspoort . . . ze mogen op de monumentenlijst, maar het moderne verkeer word er om heen geleid ” óf waar hy van die artikel oor die ewige lewe sê: „Als een machtig slotaccoord klinkt het laatste artikel der Geloofsbelijdenis . . . Maar het slot der Geloofsbelijdenis is als die zeldzame muzikale afsluitingen, die de belofte schijnen te geven van een nieuw en stralend begin.” (Blz. 147.)

Wat die inhoud betref, glo ek dat ons nie in alles met VAN DER LEEUW sal kan saamgaan nie; hy sou dit ook allermens verwag het en dit is buitendien ook nie nodig nie. Wat wel van belang is, is dat hier nuwe, dikwels onverwagte perspektiewe geopen word en verfrissende dinge gesê word. Eers wanneer 'n mens 'n paar dik volumes in filosofie en teologie deurgeworstel het i.v.m. die probleem van die „ek” in bv. „ek glo”, merk mens die waarlik verfrissende van VAN DER LEEUW se siening wanneer hy bv. sê: „Wie Ik zegt, bedoeld daarmee voorhands zichzelf met zijn kleren erbij . . . In geklede jas voel ik mij niet helemaal „mijzelf”. „Ik” ben dus ik mèt mijn kleren”, ook die Amerikaner met sy eversharp en vulpen, die Engelsman met sy Trilby en sambreel, die fabriekswerker met sy oorpak ens., ens. Teenoor alle filosofiese en teologiese „geestelikheid” word besluit „die Bijbel richt zich tot complete „Ikken”, niet tot vergeesteljkte. En, wanneer wij, in antwoord in zijn getuigenis, zeggen: *Ik geloof, dan mogen wij daarmee gelukkig onszelf bedoelen* en niet een geestelijke schaduw van onszelf.”

Op dieselfde wyse word ook die ander artikels behandel.

Ons roer hier nie VAN DER LEEUW se beskouings oor bv. die maagdelike geboorte en die probleem van die „onsterflike siel” e.s.m. aan nie; veeleer beveel ons die boek self aan.

B. J. ENGELBRECHT.

Die Religion in Geschichte und Gegenwart (R.G.G.), 3., völlig neu bearbeitete Auflage, Erster Band, A—C, mit 8 Tafeln und 4 Karten; herausgegeben von Kurt Gallig, J. C. B. Mohr, Tübingen 1957.

I. Inleidende Opmerkings.

Dit is 'n dispuuteerbare punt of daar werklik van ontwikkeling en vooruitgang op die gebied van die teologiese wetenskap sprake kan wees.

Wat wel beweer kan word, is dat elke geslag in sy eie besondere geestelike en materiële situasie leef, met sy eie besondere probleme gekonfronteer word, en daarmee worstel.

Indien ons voorlopig aanneem dat die *inhoud* van die Teologie konstant bly, dan is dit uit bostaande tog duidelik dat die aksente in elke tydperk anders gelê word—dat sekere sake wat vroeër byna as lewens-belangrik beskou is, op die agtergrond raak en dat daar op dikwels-half-vergete sake groter klem gelê word. Daar is dus in die teologie, *wat aksent betref*, 'n gedurige beweging aan die gang van die sentrum af na die periferie en omgekeerd.

Maar elke tydperk het ook sy eie taal. Teologie is, indien reg verstaan, vertalingswetenskap. Die hoofdoel is om die oer-oue Evangelie in Kerk en Teologie, in wetenskaplike denke, prediking en liturgie te „ver-taal” in die moderne idioom terwille van die doel-treffendheid. Hierdie doel, wat tegelykertyd ons opdrag is, is die uitbreiding van Gods Koninkryk, die verheerliking en grootmaking van Sy Naam hier op aarde. Dit is in hierdie verband waar die bekende spreuk dus geld: Nie ander dinge sê nie, maar dieselfde dinge anders sê. Daarom kan ons sê dat *wat die vorm betref*, daar in die teologie 'n voortdurende mobiliteit is en behoort te wees.

Nog 'n laaste opmerking wat *die materiaal en die gesigspunt betref*: Gedurigdeur word daar nuwe materiaal gevind en word daar ook nuwe gesigspunte ont-dek. Dit open nuwe perspektiewe vir die denkdien van die teologie, en stel ons in staat om die gegewens noukeuriger te presiseer.

In die lig van bostaande is dit dus baie gewensd en welkom dat daar nou 'n nuwe, derde uitgawe van die R.G.G. die lig sien. Die tweede uitgawe het nl. gedurende 1927–1932 verskyn.

In die Woord Vooraf sê die redaksie dat die nuwe uitgawe nie so eng duits-georiënteerd is nie. Vir die Oosters-ortodokse Kerk, die Sending, vir die Ekumene en vir die sg. Jong Kerke is veel meer ruimte afgestaan. Sekere „nuwere” teologiese wetenskappe is bygevoeg, terwyl ander dinge weer verkort of weggelaat is. Die gesigspunt is „der christlike

Glaube im evangelischen verständnis." Dit is „die ordnende Mitte von der aus kritisch zu allen Erscheinungsformen des Religiösen Stellung genommen wird."

By wyse van steekproef het ons redaksie sekere onderwerpe uitgekies wat hier onder bespreek word en wat die R.G.G. na inhoud krities sal probeer waardeer.

B. J. ENGELBRECHT.

In die tweede uitgawe van die R.G.G. van 1927 verskyn onder *Anthropologie* slegs 'n enkele artikel van taamlik beperkte omvang deur Titius. Hierin word die term nog geheel en al beperk tot die natuurwetenskaplike betekenis daarvan. Veral die fisiologie word bespreek en dan ook in die verband van die evolusie van die mens. Eintlik net met 'n paar woorde probeer die skrywer om 'n fisiologiese en geestelike eie aard van die mens te onderskei. Onder die woord *Mensch* kry ons dan taamlik uitgebreide werk waar godsdiens-historiese, O.T.se, N.T.se, dogmen-historiese en dogmatiese artikels opgeneem is.

Die nuwe uitgawe van die R.G.G. is nog nie sover as die woord *Mensch* nie, sodat 'n mens nie weet hoe die behandeling hier gaan wees nie. Maar ten opsigte van *Anthropologie* het 'n geweldige verbetering ingetree, wat tred hou met die ontwikkeling van die wetenskap, asook met die veranderde gebruik van die term. Ons vind naamlik baie meer aandag aan die term gewy in 'n viertal artikels: 1. Natuurwetenskaplik (deur F. Hartmann); 2. Filosofies (deur H. Flessner); 3. „Theologiegeschichtlich" (deur O. Weber); en 4. Dogmaties (deur R. Prenter). Die name van die skrywers is reeds waarborg van die gehalte van die artikels. Maar wanneer 'n mens b.v. Hartmann se artikel met die ouere van Titius vergelyk, sien jy ook duidelik die totaal verskillende benaderingswyse en gees wat die hedendaagse ondersoek op hierdie terrein toon. Wat die onderhawige onderwerp betref, toon die R.G.G. 'n geweldige verbetering en uitbreiding. Ons kan dit alleen toejuig, want die ou R.G.G. was reeds in baie opsigte onmisbaar; ons verwag dat die nuwe dit nog baie meer sal wees.

P. S. DREYER.

Onder die hefwoord *Aufklärung* vind ons in die derde uitgawe van die R.G.G. 'n lang en uitgebreide artikel van die hand van W. Maurer. Hy behandel die begrip onder die afdelings I. Geistesgeschichtlich, II Deutsche Literatur der A., III. Theologisch-kritisch.

Met besondere duidelikheid kry ons hier 'n goed-objektiewe definisie van die begrip *Aufklärung* in al sy fasette. Dit is jammer dat die splinter-nuwe werk van W. Philipp, *Das Werden der Aufklärung* nie in hierdie artikel verdiskonteer kon word nie, veral in die derde theologies-kritiese deel van die artikel sou dit wel nuwe perspektiewe geopen het.

Tog wys hierdie artikel duidelik die skadukante van die Aufklärung aan—trek vir ons 'n duidelike beeld van die gang en die groei van die Aufklärung en is assodanig presies wat dit wil wees: 'n kort, beknopte samevatting van die begripsinhoud van die woord Aufklärung.

Hierdie bondige en tog volkome verantwoorde artikel pas in die raam van die hele R.G.G. en is andermaal 'n bewys van die voortreflikheid van hierdie uitgawe.

A. D. PONT.

Van die 192 kolomme van aflewering 13 en 14 word ongeveer die helfte beslaan deur artikels onder die trefwoord *Bibel*-, waarmee die vorige aflewering reeds 'n begin gemaak het. Die deeglikheid waardeur R.G.G. reeds vanaf die verskyning van sy eerste druk 'n betroubare naslaanwerk geword het, word in hierdie artikels opnuut duidelik. Elke artikel bied in klein formaat 'n geheelbeeld van die onderwerp. Van die meer oorsigtelike artikels is dié oor *Bybelgenootskappe*, met statistieke oor Bybelverspreiding in alle lande, *Bybelhandskrifte*, w.o. slegs die hss. in die oorspronklike tale behandel word, *Bybelvertaling*, w.o. al die belangrikste ou vertalings sowel as die moderne Europese vertalings vermeld word (ook die in Afrikaans, wat nog beskryf word as sg. *Kapholländisch oder Afrikaans*), met twee artikels oor die probleme van Bybelvertaling, een oor Bybelvertaling as kerklik-teologiese probleem, en die ander oor die probleme van missionêre Bybelvertaling, *Bybelkritiek*, wat 'n oorsig bied van die besondere wetenskap in al sy wendinge, en *Bybelwetenskap*, w.o. die hele ruim veld van wetenskaplike bemoeiing rondom en met die Bybel histories en feitelik oorsien word. Hierdie en alle ander artikels is voorsien van opgawes van die jongste literatuur, w.o. die van Duitse outeurs miskien effens eensydig oorheersend voorkom. Vir die predikant en student sowel as vir die vakgeleerde is gereelde raadpleging van R.G.G. nouliks te ontbeer.

J. P. OBERHOLZER.

In hierdie nuwe uitgawe word van Soelen se oorspronklike artikel oor die *Oud-Christelike Literatuurgeskiedenis*, deur Kurt Aland in verwerkte vorm aangebied. Aland se naam waarborg by voorbaat dat die nuwe bewerking nie agteruitgang sal wees nie. Oorsigtelik, maar sonder om 'n enkele belangrike moment of persoon in die geskiedenis van die Oud-Christelike Lettere oor te slaan, illustreer Aland die waarde van hierdie wetenskap as 'n doel in sigself meer besonderlik in sy waarde vir die Kerkgeskiedenis en die dogmengeskiedenis. Daarby karakteriseer hy kort en skerp omlynd die leidende auteurs in elk van die periodes van die ontwikkeling van hierdie letterkunde. Ordelyk, in 'n sinvolle perspektief tot mekaar en tot hul tydsomstandighede neem persone, geskifte en sentra van vroeg-Christelike geleerdheid vir mens gestalte aan. Mens staan in die Apostoliese en sub-apostoliese tydvak, waarin die betekenisvolste skryfwerk verrig is. Toe het die geskrewe Nuwe Testament ontstaan. Hulle word gevolg deur die Apologete. Justinius se *Apologia* en die Diognetusbrief kan selfs aanspraak maak op literêre kwaliteit. Alexandrië, Caesarea en Antiochië, sentra van christelike geleerdheid, beman met figure soos Origenes, Clemens, Dionysius, Ensebius.

'n Ommeswaai in die Staat se godsdienstpolitiek dryf die kompasnaald van hierdie vroeë Christelike Letterkunde in 'n ander rigting—van 'n uitwaartse na 'n binnewaartse; dogmatiese en polemiese en anti-ketterse geskifte vervang die vroeëre leerskrif en Apologie wat hoofsaaklik tendienste van die kerstening geskryf was.

Die vierde eeu ontvang uit Oos en Wes volwaardige christelike classici—die Drie Cappodociërs in die Ooste en in die Westerse Kerk, Lactantius, wat tereg genoem word die Christelike Cicero. In die vyfde eeu toring Hieronymus met sy onvergelyklike geleerdheid en produktiwiteit en Augustinus met sy fundamentele visie vër bo hul tydgenote uit. Die invloed van beide het tien eeuw lank die Christelike denke grondig beïnvloed.

Op 'n hoogtepunt van invloed en ontwikkeling sluit Gregorius die Grote se geskifte aan die begin van die sewende eeu, hierdie bewoë en glansryke periode van die Christelike Letterkunde af.

A. S. GEYSER.